# LAER VOLKSKOOL HEIDELBERG

31 Julie 2026

Beste Volkie Ouers

**Kwartaalprogram**

Die derede kwartaalprogram is aangeheg. Neem asseblief kennis dat die program onderhewig is aan verandering.

**Graad 1/2027 Registrasie**

Die aanlynregistrasie open **Woensdag, 5 Augustus om 08:00**. Ons nooi alle voornemende Graad 1-ouers uit om Woensdagoggend gebruik te maak van ons registrasiesentrum in die skoolsaal onderleiding van Mev. Chrisna Meyer en haar span. Hulle sal u ondersteun sodat u die aanlynproses volledig en suksesvol kan voltooi. Bring asb. al die nodige dokumentasie saam.

**Graad R/2027 Registrasie**

Ouers wat graag hul leerders in 2027 in ons Graad R-klasse wil inskryf, kan die nodige **inskrywingsvorms by die kantoor** kom afhaal. Daar is beperkte plekke beskikbaar. Ons Graad R Opedag is Vrydag, 18 September 2026 vanaf 09:00 tot 11:00.

**Dienste benodig**

Ons poog om waar moontlik van ons ouers gebruik te maak met dienste wat aan die skool gelewer word.
Ons het tans die volgende uitdagings waar ons persone soek om ons te help:

**Rekenaarkundige:** Veral persone wat baie goeie ondervinding het in MS Teams asook SharePoint.
**Staalwerke:** Oprigting van relings vir veiligheid.
**Internet dienste:** Ons bestaande kontrak vir internet dienste verstryk. Ons is op soek na ouers wat ons kan help met 'n volgende verskaffer.

Kontak asseblief vir Mnr. Strydom indien u ons kan ondersteun.

## Afwesighede

Ons het baie maats wat gereeld **laatkom en/of baie afwesig** is. Ons kry geweldige druk vanaf die Departement van Onderwys as gevolg van afwesighede en laatkommers, sonder geldige verskonings. Geen leerder wat gelys is as gereelde laatkommers of met baie afwesighede, mag akademiese ondersteuning ontvang nie.

## Akademie

Ons **akademiese spanne** gaan hierdie kwartaal op **uitstappies** om ons leerders te beloon vir hul harde werk. Leerders wat kwalifiseer vir dié geleenthede, sal briewe ontvang.

## Program vir die week

| | DATUM | AKTIWITEIT | WAAR |
|---|---|---|---|
| Sa | 1 Aug | Skaak D7-liga<br>Hokkie – 5 skole reeks<br>Mini-krieket | <br>HVH<br>L/s Handhawer |
| Ma | 3 | Tennis (Dogters) vs Midvaal<br>Tennis (Gemeng) vs Elspark | Tuis<br>Tuis |
| Di | 4 | Krieket: 0/11A vs Kollegepark<br>Krieket: 0/11B vs Kollegepark | Weg<br>Tuis |
| Wo | 5 | OOV Damesaand<br>Hokkie (Seuns) vs Impala | Bella Rochelle<br>Weg |
| Do | 6 | Hokkie (Dogters) vs Christiaan Beyers<br>Krieket: 0/13A vs Kollegepark<br>Krieket: 0/13B vs Kollegepark | Weg<br>Weg<br>Tuis |
| Vr | 7 | Mascot Fanie verjaar<br>Landloop<br>Seniorkoor | <br><br>Laer Volkskool |

P Strydom

**MNR. P. STRYDOM: HOOF**

016 341 6216
volkies@laervolkskool.co.za
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg - GP, 1441
www.laervolkskool.co.za